## 16.24 RAPPORT 16 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – MOSAMBIEK (Art 135)

## 16.24 REPORT 16 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – MOZAMBIQUE (Art 135)

A. Ds ASA de Bruyn stel die Rapport.
Rev. ASA de Bruyn tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **Deputate verantwoordelik vir die lessenaar:** Ds PM Modise(s), dr HM Zwemstra, ds JE Temba en prof IW Ferreira. | **Deputies appointed to this desk:** Rev. PM Modise(c), Dr HM Zwemstra, Rev. JS Temba and Prof IW Ferreira. |
| **1. Gereformeerde kerke in Mosambiek**<br>Ekumeniese bande | **1. Reformed Churches in Mozambique**<br>Ecumenical Ties |
| 1.1 *Opdrag* | 1.1 *Mandate* |
| 1.1.1 Dat ekumeniese bande met die Tumbine Sinode van die IRM (Igreja Reformada Mozambique) aangegaan word. | 1.1.1 Ecumenical ties are to be established with the Tumbine Synod of the IRM (Igreja Reformada Mozambique). |
| 1.1.2 Dat die ekumeniese bande met die Tumbine Sinode verder uitgebou word deur besoeke van die Deputate en deur samewerking waar dit moontlik is. | 1.1.2 Such ecumenical ties with the Tumbine Synod must be promoted by means of visits by the Deputies and collaboration, where possible. |
| 1.1.3 Dat daar verder gewerk word aan moontlike bande met die Mpatso Sinode en die Novu Sinode. | 1.1.3 Further efforts must be made to possibly establish ties with the Mpatso Synod and Novu Synod. |
| 1.1.4 Dat die Deputate saamwerk met plaaslike kerke van die GKSA wat opleiding en evangeliseringswerk in Mosambiek doen. | 1.1.4 The Deputies are to work with local churches of the GKSA that do training and evangelising in Mozambique. |
| **Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1.1 to 1.1.4 noted.** |
| <u>*Sake waarvan die Sinode kennis neem*</u> | <u>*Matters that the Synod takes note of*</u> |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag* | 1.2 *Fulfilment of task* |
| 1.2.1 Ds Paul Modise, saam met die uitreikgroep van die gemeentes in Pretoria, wat bekend staan as die Buitelandse Evangelisasie Diensgroep (BED), het tussen 2 Julie-13 Julie 2021 die Igreja Reformada Mozambique (IRM) besoek om verder met hulle te praat oor ekumeniese bande. | 1.2.1 Rev. Paul Modise, together with the outreach group of the Pretoria congregations called the Buitelandse Evangelisasie Diensgroep (BED), visited the Igreja Reformada Mozambique (IRM) from 2 July-13 July 2021 to further discuss ecumenical ties. |
| 1.2.2 Tydens die besoek is gesprekke gevoer met die moderamen van die Tumbine Sinode en die vergadering het in Milange – die Noordooste van Mosambiek – plaasgevind. | 1.2.2 During this visit discussions were held with the moderamen of the Tumbine Synod in Milange – north-east Mozambique. |
| 1.2.3 Verskillende gemeentes is ook tydens | 1.2.3 Different congregations were also |

| | |
|---|---|
| die geleentheid besoek. | visited on this occasion. |
| **Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.2.1 to 1.2.3 noted.** |
| <u>*Sake waaroor die Sinode besluit*</u> | <u>*Matters that the Synod decides on*</u> |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | 1.3 *Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)* |
| 1.3.1 Dat ekumeniese bande met die Tumbine Sinode van die IRM aangegaan word. | 1.3.1 Ecumenical ties are to be established with the Tumbine Synod of the IRM. |
| 1.3.2 Dat die ekumeniese bande met die Tumbine Sinode verder uitgebou word deur besoeke van die Deputate en deur samewerking waar dit moontlik is. | 1.3.2 Ecumenical ties with the Tumbine Synod are to be bolstered with visits by the Deputies and collaboration, where possible. |
| 1.3.3 Dat daar verder gewerk word aan moontlike bande met die Mpatso Sinode en die Novu Sinode. | 1.3.3 Efforts must be made in regard to possible ties with the Mpatso Synod and Novu Synod. |
| 1.3.4 Dat die Deputate saamwerk met plaaslike kerke van die GKSA wat opleiding en evangeliseringswerk in Mosambiek doen. | 1.3.4 The Deputies are to work with local churches of the GKSA that do training and evangelising in Mozambique. |
| 1.3.5 Dat die Tumbine Sinode van die IRM uitgenooi word om groete oor te dra by die volgende sitting van die GKSA Sinode wanneer die omstandighede dit toelaat. | 1.3.5 The Tumbine Synod of the IRM is to be invited to extend greetings at the next session of the GKSA Synod when circumstances allow. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.5 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 to 1.3.5 approved.** |